GESELSBRIEF – 4

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en eendersheid

ONS GESELS VOORT

Februarie 2017

Dit is weer tyd vir ons **GESELSBRIEF** waar ons weereens saam gesels oor sake wat vir ons as lede van verskillende Gereformeerde kerke/ gemeentes so na aan die hart lê. Dit is so verblydend om die positiewe kommentaar te hoor en te lees van lidmate en predikante uit verskillende oorde; om te hoor dat ons asseblief moet volhou, nie moed opgee nie want dit wat ons doen het ewigheidswaarde!

Verskeie gemeentes/lidmate vertel van die verryking wat ervaar word waar dames die roeping ervaar het en as gevolg daarvan as diakens en ouderlinge aangestel is.

Ons bydraes in **GESELSBRIEF 4** vorm so 'n duidelike argument vir die feit dat selfs die beste kerkregeerstelsel se geslaagdheid afhang van feilbare mense wat in nederigheid hul eie blinde hoeke moet kan raaksien. In die "Oopgesprek" wys Theuns Erasmus en Jan du Plessis tereg daarop dat hervorming gaan oor ons voortdurende evaluering en aanpassing by God se skepping. Dit is dan so inpas met Jaco Kruger se bydrae dat ons God se gebou is waaraan voortdurend gebou moet word en dat Christus ons waarsku teen die wysheid van die wêreld. Ons weet nie alles nie!

In Klasie Heystek se bydrae sien ons 'n voorbeeld van hoe 'n edel gebruik wat deel uitmaak van die Presbiteriale kerkregeerstelsel mense kan uitsluit. 'n Voorbeeld van die punt wat Klasie maak is dat "*Enige stelsel is so goed as die mense wat dit gebruik/toepas."* Hans Malan se bydrae oor Kredensiebriewe, verwys terug na sy stuk oor die Openlike Verklaring in **GESELSBRIEF 3** en weereens wys dit op hoe kredensiebriewe as meganisme gebruik word om mense uit te sluit. *1 Kor.3:18:*

> *Niemand moet homself mislei nie. As een van julle dink dat hy volgens die maatstaf van hierdie wêreld 'n wyse man is, moet hy dwaas word sodat hy werklik 'n wyse man kan word."*

In hierdie uitgawe is ook die uitnodiging na **Gespreksforum 2** op Saterdag 25 Maart 2017 te **Meyerspark Gemeente**. Die datum vir **Gespreksforum 2** was oorspronklik beplan vir 22 April, maar aangesien dokumentasie vir die sinodesitting in Januarie 2018 alreeds in Junie aan die sinode beskikbaar gestel moet word het ons die datum vervroeg om gemeentes die geleentheid te gee om nog te timmer aan die dokumentasie indien nodig.

Die **Gespreksforum 1** was bygewoon deur 105 lidmate en 21 predikante uit 22 gemeentes. 'n Aansienlike persentasie van die lidmate was toe vroue. Omdat ons veral nuut probeer dink oor die rol van vroue in die kerk, moet julle sekerlik kom deelneem omdat hierdie die laaste geleentheid is om indringend te gesels en te beplan met die oog op die sinodesitting van 2018.

Redakteur: Antoinette du Plessis

INHOUDSOPGAWE

Ons gesels voort 1

Oopgesprek
Hervorming: Verlede, Hede en Toekoms
Theuns Erasmus & Jan du Plessis 2

Uit alle oorde
Die Wonderlike Gebou
Jaco Kruger 3

Christus se Regering van Sy Kerk
Klasie Heystek 5

Kredensiebriewe as meganisme om sittingsregte te bepaal
Hans Malan 7

Uitnodiging na Gespreksforum 2 10

Thea Heckroodt van Wapadrant Gemeente koördineer die ***GESELSBRIEF***

Stuur nuusbrokkies asook e-posadresse van persone wat die ***GESELSBRIEF*** wil ontvang na geselsbrief@gkwapadrant.co.za

OOPGESPREK

HERVORMING: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

Toekomsverwagting

Die kerkjaar 2017 staan in die teken van Hervorming en ons beplan dan ook om in al ons Gespreksbriewe vanjaar aan te sluit by die tema wat al oor `n tydperk van 500 jaar ons denke gevorm het. Ons benadering gaan wees dat geen menslike instansie of skepping van God verledeloos is nie. Die uitdaging aan ons is om nie die verlede te ignoreer nie maar ook nie om daar vas te haak nie. Ons uitdaging is om uit die verlede te leer, in die hede te leef en die toekoms te verwag soos Christus ons geleer het. Christus het ons dan ook bemoedig met sy woorde: "Ek sal met julle wees tot aan die voleinding toe". Hier kan ons ook aansluit by Soren Kierkegaard se opmerking: "***die lewe kan net terugwaarts verstaan word maar dit kan ook net voorwaarts geleef word".*** As jy in die verlede leef of die verlede probeer herhaal, belemmer jy jou vermoë om te leef soos `n Christen wat toekomsverwagtinge het.

Daarom gaan dit by hervorming nie slegs om `n herdenking van 500 jaar se genade nie maar om die 'ewigheid van seën" wat nog daagliks en in die toekoms uit God se hand na ons kant toe kom te verwag en te ervaar. Dit gaan dus nie om `n teruggryp na wat Luther verklaar het nie, maar eerder om `n voortdurende evaluering van ons posisie in God se skepping en voortdurende aanpas by nuwe insigte wat die Bybel ons daagliks leer. Die Skrif is nie een maal klaar verstaan en verklaar so 500 jaar terug nie. Ons ervaar voortdurend dat God ons nuwe insigte gee, dat ons Sy Woord beter verstaan en dat ons verhouding met hom voortdurend verdiep.

Hervorming 500 jaar gelede nie die finale woord nie

In die lig hiervan moet ons aanvaar dat die Hervorming 500 jaar gelede nie die finale woord is oor hoe God met ons omgaan en hoe ons ons onderlinge geloofslewe organiseer en bedryf nie. Ons sal trouens so ver gaan om te beweer dat sekere sake nie tydens daardie eerste hervormings tydperk aangespreek is nie.

Hervorming is nie `n eenmalige evaluering wat wysigings inisieer oor wat ons vandag as reg en verkeerd beskou nie. Ons durf dus nie by 500 jaar gelede se beskouinge van die Skrif vashaak nie. God gee aan elke geslag opnuut sy Woord en die vermoë om dit te verstaan en te interpreteer in die tekens van die tyd waarin Christene hulle vandag bevind. Dit is `n deurlopende reformatoriese proses en behoort deel van ons gereformeerde tradisie te wees.

Hervorming en die vrou as volwaardige gelowige

Die posisie van die vrou as volwaardige gelowige in die Kerk is een van die sake wat agterwee gebly en nie aandag gekry het in die Hervorming nie, want sy is toe beskou soos die kultuur van daardie tyd `n vrou beskou het (minderwaardig) en die kerk het dit net so voortgesit. Soos ons die Skrif vandag verstaan moes die hervorming nie net die dwalinge van die Rooms Katolieke Kerk blootgelê het nie, maar ook die miskenning van die vrou in die samelewing en die kerk reggestel het. Dit is dus baie ter sake dat die Gereformeerde Kerke in 2017 probeer om hierdie oorsig reg te stel. Net so moet ons sensitief wees vir ander sake wat agterwee gebly het en voortdurend bid dat God ons die leiding sal gee om elke dag met nuwe oë na die Skrif te kyk en te vra: "Wat beteken hierdie skrif gedeelte vir my/ons vir vandag?" En as ek sekerheid daaroor kry, dan volg die vraag: "wat gaan ek daaromtrent doen?" Kom ons bid en tree saam in gesprek hieroor.

Theuns Erasmus en Jan du Plessis

Die **Protestantse Hervorming** (ook Reformasie genoem, is afgelei van die Latynse *reformatio* "hernuwing of herstelling)

"Dit voel soms dat Gereformeerdes al hoe kleiner en kleiner begin dink. Ons afsluit van ontdekkinge en insigte. Ons die Bybel gebruik om dinge weg te hou in plaas van te omarm. Ons ons verwondering minder maak"

01 November 2016, NG Kerk, Gansbaai
https://xplorio.com/gansbaai/en/blog/general/35687/hervorming/

UIT ALLE OORDE

DIE WONDERLIKE GEBOU

Die kerk is 'n gebou: 1 Korintiërs 3:9b-4:5

Die kerk, is soos 'n gebou, lees ons in Paulus se brief aan die Korintiërs. Aan die een kant 'n maklike prentjie om te verstaan. Ons woon in hulle, ons werk in hulle. Meeste van ons het darem 'n vae idee van hoe hulle gebou word: eers die fondasies, dan die vloer, die mure, die dak... En tog, hoe meer mens oor die gebou dink waaroor Paulus dit het, hoe *vreemder* word dit. Hoe meer 'n mens nadink oor wat dit beteken dat ons, die kerk, 'n gebou is, hoe wonderliker word dit; hoe minder seker is jy oor wat presies jy van jou kennis van gewone geboue op hierdie prentjie van toepassing kan maak, en wat nie.

Watter gebou dan?

Die eerste wat ons moet laat regop sit, is die woorde reg aan die begin**:** julle is die gebou ***van God*****.** Wat sou dit beteken dat ons die gebou ***van God*** is? Sou dit beteken dat ons as kerk aan God behoort, soos wat sekere winkelsentrums aan eiendomsontwikkelaars behoort; soos wat 'n mens se huis aan jou behoort, as jy gelukkig is? Of sou dit dalk wees dat God die Een is wat hierdie gebou gebou het – miskien soos wat ons sê dat die Uniegebou 'n gebou van Sir Herbert Baker is? Wat beteken dit dat ons ***Gód se gebou*** is? En hoekom sê Paulus dan net daarna dat hý die bouer is wat die fondament gelê het, en dat 'n ander een dan verder daarop bou? Nou hoor ons dan weer van mense wat aan hierdie gebou wat die kerk is bou!

Hier's die eerste een van 'n klomp wonderlike dinge van hierdie gebou wat die kerk is, wat ons moet raaksien. In hierdie gebou wat die kerk is, ***is God en ons mense bymekaar***. Ja, dis God se gebou – dit behoort aan Hom én Hy is die Bouer. Maar dit is ook 100% 'n menslike gebou. Dis mense soos Paulus en Apollos en Petrus wat God se kerk bou. Paulus en Apollos en Petrus en Timoteus en Johannes... en...? Is dit al?

Die volgende wonderlike ding wat ons van hierdie gebou wat die kerk is hoor, is dat die bouwerk nog steeds aangaan. Watter gebou in die geskiedenis het al ooit die langste geneem om klaar te maak? Die piramides in Egipte – 'n paar geslagte?

Van daardie groot katedrale in Europa – sommer 'n paar eeue lank? Van alle geboue word aan die een wat die kerk is, al tweeduisend jaar lank gebou, en die gebou is nog nie klaar nie! Een van die duidelike punte wat Paulus in hierdie gedeelte maak, is dus dat dit nie net hy en Apollos en Johannes en Petrus is wat die kerk gebou het, en toe klaar gemaak het nie. ***Die bouwerk gaan vandag nog aan.*** Dit beteken dat elkeen van ons intens by die bou van die kerk as gebou betrokke is! Hoe laat dit jou voel? Jy bou óók aan die kerk. Saam met die ander bou jy ook aan hierdie wonderlike gebou wat nou al vir tweeduisend jaar lank gebou word. En hoe ons bou, só is die kerk. Hoe ons bou, só gaan die kerk wees. Want hierdie gebou, wat God se gebou is, is ook 100% 'n menslike gebou. Met ander woorde die keuses, die besluite wat ons maak oor hoe die kerk moet wees, so ís die kerk. Dis hoe wonderlik hierdie gebou is. Hoe laat dit jou voel? Dit behoort ons baie verantwoordelik te laat voel. Daarom waarsku Paulus ook: jy moet mooi dink hoe jy bou, hoor. Die vraag is, hoe sal 'n mens maak wanneer jy hierdie verantwoordelikheid besef en mooi dink hoe om te bou?

Om op die fondament te bou

Op hierdie punt stem die prentjie baie ooreen met wat ons uit ons elke dag se bouwerk weet: as jy wil reg bou, moet jy op die fondament bou. Dán sal die gebou stewig staan. Maar net daarna nou weer die wonderlike: die fondament van hierdie gebou is nie iets nie, maar iemand. Die fondament is Christus. In die kerk kan dit nie oor iemand anders gaan as oor Jesus Christus nie. Die kerk groei as't ware uit hierdie fondament wat Jesus Christus se lewe en dood en opstanding is. En as dit in die kerk oor iemand anders gaan as oor Jesus Christus in en deur wie ons na God toe gaan – as dit oor geloof as 'n produk gaan, of oor menslike persoonlikhede, of populêre sielkunde, dan bou ons nie meer op die fondament wat Jesus Christus is nie. Dan moet ons hervorm. Dit was tog die groot insig van die kerkhervormers: in die kerk kan ons net op die fondament van Jesus Christus bou.

Nederigheid!

Pragtig mooi en goed. Maar nou die miljoen dollar vraag: hóé bou 'n mens op die fondament wat Jesus Christus is?

(vervolg op bls. 4)

Hoe moet ons benadering, ons ingesteldheid wees? Die merkwaardige van Paulus se benadering tot die bouwerk aan die wonderlike gebou, is dat dit die karakter van groot nederigheid en van voorlopigheid het. Kort nadat hy gepraat het daarvan dat ons op die fondament wat Jesus Christus is, moet bou, waarsku hy ons teen die wysheid van hierdie wêreld. Hy waarsku ons om nie al te slim te wil wees in hoe ons bou nie.

Wat sou dit beteken? Sou dit dalk beteken dat mense baie maklik dink dat hulle hierdie fondament wat Jesus Christus is sommer gou-gou met hulle eie verstand opgesom het? Mense wat dink hulle weet presies hoe Jesus Christus is, en daarom hoe die kerk moet wees.

Jy kry vandag verskillende voorbeelde van so 'n benadering. Daar is mense wat presies vir jou sal sê hoe Jesus as mens op aarde geleef het. Hulle weet presies hoe die vroeë kerk gelyk het en sal sê dat ons vandag die kerk weer so moet laat lyk. Ons moet die kerk weer soos Jesus se kerk laat lyk. Maar hoe weet hulle dit presies? Staan alles presies in die Bybel? Johannes skryf dat al die boeke in die wêreld nie die dinge wat Jesus gedoen het sou kon bevat nie.

Die punt is, hierdie fondament wat Jesus Christus is, is baie meer misterieus as wat die mense dink wat Jesus sommer in 'n 200 bladsye boekie wil vasvat. Hy is dan God en mens bymekaar! Daardie mens Jesus van Nasaret is tegelyk die oneindige God! Hoe kan mense sê dat hulle Hom sommer so mooi uitgepluis het, en presies weet hoe die kerk vandag moet lyk?

Dieselfde geld van die mense wat kwansuis presies weet wat al die Bybeltekste sê. Jy moet net al hoe verder die Griekse woorde van die Bybel met jou wetenskaplike metodes bestudeer, dan gaan jy uiteindelik weet of vroue ouderlinge en diakens mag wees, jy gaan weet of selfdegeslag verhoudings reg of verkeerd is, jy gaan weet of ons nou kinders moet doop, en of slegs volwassenes gedoop mag word. Maar hoor wat sê Paulus: "Niemand moet homself mislei nie. As een van julle dink dat hy volgens die maatstaf van hierdie wêreld 'n wyse man is, moet hy dwaas word sodat hy werklik 'n wyse man kan word."

Miskien is dit wat ons in hierdie Hervormingsjaar duidelik moet hoor, ***dat ons as kerkbouers 'n groot stuk nederigheid moet hê.***

Ons kan nie anders as om te bou nie, maar ons weet ook nie alles nie. Ons het nie die finale woord nie. Paulus sê dit self: hy beoordeel nie sy eie werk nie. Net die Here het die finale woord, en dit sal eers duidelik word aan die einde van die tyd wanneer die Here weer kom. Maar tot dan moet ons nederig wees.

Ons moet besef dat baie van wat ons met ons insig gedink het ingebou moet word, gras of strooi was. Met ander woorde nie die goud of edelstene wat moet bly staan nie. En ons moet besef dat die vuur van die Heilige Gees hierdie vorme wat nie deel van die finale gebou moet wees nie gáán laat wegbrand.

Kan jy en ek op hierdie fondament wat Jesus Christus is ons lewe en die kerk bou, en tog ook genoeg afstand van ons eie insig af neem om te besef dat 'n ander manier dalk op hierdie punt eerder in die gebou hoort – nie myne nie?

Troos

Ons kan dit net doen as die Heilige Gees ons genadig is. Uit onsself raak ons elkeen op ons eie manier so vasgevang in fundamentalisme. Ons begin vertrou op die fondament wat ons met ons eie slimmighede geskep het. Maar die Heilige Gees ís aan ons gegee, en die Heilige Gees is die groot en genadige krag van God se liefde. Weet julle nie dat julle die tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie? Vra Paulus.

Diep binne in ons eie werk, diep binne die voortgang van die geskiedenis, en die hele skepping, en alle mense, is die Heilige Gees die innerlike geheim wat alles voer na die voltooiing van die wonderlike gebou wat God bou. Die nuwe Jerusalem. Maar dit beteken dat sommige goed ook deur die loop van die tyd weggebrand en laat val moet word. Waartoe die Heilige Gees ons roep is 'n ander soort wysheid en veral – veral - nederigheid.

Jaco Kruger

UIT ALLE OORDE

HOE WORD CHRISTUS SE REGERING IN EN DEUR SY KERK VERSEKER?

Uitgangspunte en opmerkinge
Is daar 'n kerkregeringsvorm of stelsel wat Christus as hoof van sy kerk voluit erken, bely en gehoorsaam? In die Nuwe Testament (NT) is dit duidelik dat Christus die skepper en hoof van die kerk, sy liggaam, is (Kol 1:18,24; Ef. 1:22; 5:23). Uit die metafoor *hoof – liggaam*, is dit duidelik dat alleen Christus sy kerk durf lei en regeer. Indien Christus verdring of uitgestoot word, word die kerk bloot 'n nietige menslike organisasie.

Die vraag is daarom: Hoe geskied Christusregering betroubaar en eg in die kerk? Of is dit gewoon onmoontlik omdat feilbare mense geroep en bevestig word om Christus se hoofskap te bedien (1 Tim 4:10-16; Tit. 2:15)?

Christus is nou in die hemel (na sy hemelvaart) en sy fisies, sigbare kerk, op aarde.
Christus lei en regeer sy kerk op aarde op 'n geestelike wyse deur sy Woord (Bybel) en sy Gees (Matt 28:28; Joh. 14-16; 2 Kor. 5:20; Kol 2: 9,10). Buitengewone openbaringe van Christus aan sy NT-kerk (Hand 5:9,12; 7:56; 9:3-18; 10:4 ev.; e.a.) gebeur nou selde en is onderworpe aan die Skriftoets. Dis so omdat die Bybel as kanon, rigsnoer van die waarheid, vir die kerk gegee is (1 Tim 3:14-17).

Dis vir die kerk, as liggaam van Christus op aarde, nie maklik om die wil van hul hoof te begryp en te gehoorsaam nie. Die gelowiges is wel in Christus herskep tot nuwe mense (2 Kor. 5:17-20) en het die Heilige Gees as helper ontvang, maar dis alles ten dele (Matt 28:18 ev.; Hand 2:2 ev.; 1 Kor. 13:12). Die kerk lees, begryp en hoor ten dele, verstaan ten dele. Die volmaakte is komende. Die kerk reik daarheen, groei daarheen, bid daarvoor (Ef. 2:15-23; 3:14-21). Eers met die wederkoms van Christus sal die kerk die volle waarheid en heerlikheid van Christus besit, weerspieël en beleef.

Met die apostels, as eerste dienaars van Christus, was dit wel anders. Hulle is deur Christus self geroep, onderrig, en na sy hemelvaart steeds regstreeks gelei deur verskynings en deur sy Gees. Ook Paulus, as apostel, het besondere toerusting van die Gees ontvang (Gal 1:11ev). Daarom word die apostels se leer die fondament van die kerk genoem. Op hul apostoliese Woord is die kerk gebou, met Christus as hoeksteen (Ef. 2:20). Nie dat die apostels nie ook mense was wat kon sondig nie (Gal 2:11ev). Maar hul opgeskrewe leer en leiding het die wil van Christus waar en eg deurgegee.

In samewerking met die apostels, en na hulle, is ander leiers as gawes aan die kerk gegee (Rom. 12:6ev; Ef. 4:11ev). Mense wat oordeelsfoute maak, al is hulle geroep, wederbaar, en vol van die Heilige Gees. Daarom kan en word die leiding en besluite van vergaderinge in revisie geneem. Daarmee erken die kerk, as liggaam van Christus, dat sy stem soms nie duidelik gehoor, verstaan en toegepas word nie. So gesien is dit verstaanbaar dat die kerk, as liggaam van Christus, Hom nie altyd suiwer in haarself en die wêreld weerspieël nie
(2 Kor. 3:17,18).

Voorgenoemde is belangrike aspekte van kerkwees wat erken en verreken moet word, wanneer ons nadink oor Christus se regering van sy kerk. Dit bring ons by die vraag watter kerkregeringsvorm, soos deur die eeue ontstaan, as verdienstelik(ste) beskou kan word om Christusregering te verseker?

Verskeie kerkregeringstelsels
Van die begin van die Nuwe Testamentiese (NT) kerk het verskillende vorme van kerkregering ontstaan. Elke stelsel steun op fundamentele vertrekpunte, bedieningskanale en doelwitte (1 Kor. 12: 1 ev.). In hoofsaak kan vier ontwikkelinge onderskei word.

Eerstens die ***episkopale*** vorm waar een leier tot hoof van die kerk verkies word. Soos byvoorbeeld in die Rooms Katolieke Kerk (RK), waar die pous die hoof van die kerk is. Dink in hierdie verband aan die pouslike *ex cathedra* uitsprake wat as onfeilbaar geag word. (Kritiek en ontwikkelinge vanuit die RK self op voorgenoemde siening en formulering, daargelaat). Die pous wend Skrif, Apokriewe geskrifte, pouslike uitsprake en eie oordele – gesteun deur konsilies of daarsonder – aan, om die kerk te lei.

(Vervolg op bls. 6)

Van Christus, as hoof van die kerk, kom hier dikwels (vgl. kerkgeskiedenis) min tereg. Tweedens is daar die ***Kollegialistiese*** vorm waar ŉ bepaalde denominasie gesien word as die optelsom van al die lidkerke. Plaaslike kerke se selfstandigheid en vryheid in Christus, word ingeperk, oorgedra na hoër vergaderings (bv. ringe, streek-, nasionale-, algemene vergaderinge). In vergaderinge word wel gesoek na die wil en regering van Christus wat na onder (gemeentes) as gesaghebbend deurgegee word. Reg tot appèl teen vergaderingbesluite word egter erken. Die agenda van die hoër vergaderings is so oop en wyd soos die lewe van die kerk self.

Derdens is daar die ***kongregasionale*** stelsel. Hier word onafhanklike kerke gestig, waar lidmate die gemeente lei en bestuur. Hierdie stelsel word soms ook die independentistiese kerkstelsel genoem, omdat gemeentes onafhanklik en los van mekaar funksioneer. Sulke kerke ontbeer die mede-oordeel van kerkverband en kan dus makliker dwaal en die Christusregering in gedrang bring (vgl. Christus se briewe aan gemeentes in Open 2 en 3). Oor fundamentele sake behoort soveel kerke as moontlik saam te oordeel (Hand 15:1ev; Joh. 17:1ev).

Vierdens is daar die ***presbiteriale*** stelsel. Hier word leiers (ouderlinge) met die nodige gawes (Rom. 12:8), in die gemeente verkies om saam in vergaderings (Hand 15:1 ev.) die wil van Christus te soek en toe te pas. Twee soorte ouderlinge word onderskei, naamlik leer- en regeerouderlinge. Alhoewel die twee tipes ouderlinge gelyk is in diensgesag, lei ŉ leerouderling (predikant) die vergaderinge volgens die (Dordtse) Kerkorde (DO art 35,37). Slegs sake wat nie op mindere vergaderinge afgehandel kan word nie, word verwys na meerdere vergaderinge vir gesamentlike oordeel (DO art 30). Geen vergadering het meer gesag as ŉ ander nie, omdat Christus regeer en nie kerke of vergaderinge nie (DO art 36).

Bogenoemde beskrywinge is baie kursories en beklemtoon slegs die hoofaksente vir ons doel. Geen bepaalde kerkregeringstelsel waarborg ŉ Christusregering op sigself nie.

Die kernsaak is of die Bybel, as *norma normans* (norm van alle norme), reg beskou, verstaan en toegepas word en of die Gees van Christus die kerk lei om die Woord reg te verstaan en toe te pas. Ons kies wel vir die presbiteriale stelsel omdat dit die meeste ruimte en openheid skep vir Christus se regering van sy kerk.

Tog kan die Christusregering ook hier ingeperk of selfs misken word. Geen struktuur waarborg ŉ Christusregering nie. Alles word bepaal deur hoe die mense in die struktuur hulle laat lei deur Woord en Gees. Kerke word opgebou deur liefde én waarheid (Ef. 4:15,16).

Kritiese evaluering van die presbiteriale kerkregering in die GKSA

Die volgende vrae is aktueel en moet in opregtheid beantwoord word:

- Leef die presbiters, as leiers, waarlik in ŉ intieme persoonlike liefdesverhouding met Christus, deur die Gees, tot eer van die Vader (Fil. 1:9-11)? Is Christus en sy steeds komende ryk ál waarvoor hul lewe (2 Tim 2, ev.).

- Is die presbiters (predikante en ouderlinge) wat verkies word waarlik Skrifkenners van die Woord? Is die Woord in hul hart en verstand gebêre, sodat dit ŉ konstante kompas vir hul denke is (Eseg. 36:24-27; Jer. 31: 33,34; Joh. 14-16)? Die toets is: Kom *God deur hulle aan die woord* in vergaderinge en oral (1 Pet 4:11)? Word daar erns gemaak met die groot openbaringslyne van die Bybel wat die goue draad van God se wil openbaar? En word die skopus en telos van die onderskeie Skrifonderdele verreken, sodat nie teen die bedoeling van die Gees gespreek word nie (Versteeg)? Word genoeg tyd tydens vergaderinge spandeer om nederig en opreg na God te luister (DO art 32)?
- Is die leiers vol van die Heilige Gees? Hoe vergestalt die Gees hom in die leiers? Hoe word God Drie-enig in die leiers gesien en gehoor? Praat en doen ons in vergaderinge nie maar presies soos die “wêreld” nie? Sommige wil oor die ander heers en dink alleen hulle ken die (volle) waarheid! Die volle vrug van die Gees moet uit elke leier straal (Gal 5:22-26).

(vervolg op bls. 7)

- Is daar nie talle sake op die agenda van meerdere vergaderinge wat by die plaaslike kerk tuishoort nie? Soos by die Kollegialistiese stelsel wil meerdere vergaderinge ŉ greep op plaaslike kerke kry en behou *om wilde groei te keer* (vgl. begrippe in 1960's)? Is daar nie te veel sake op die agenda vir baie beperkte tyd nie? Daarby word die belangrikste of mees omstrede sake dikwels vir heel laaste gelos en noodwendig *deurgejaag*. Gelukkig word tans in erns besin oor *wesenlike en nie-wesenlike* sake, sodat meerdere vergaderinge hulle met die essensie van hul opdrag kan besig hou.

- Christusregering word in plaaslike en meerdere vergaderinge al meer verdring deur demokratisering. Mense is vandag baie besig en haastig, daarom moet vergaderinge vinnig afgehandel word. Die maklike oplossing: *Gaan oor tot stemming*. Daar is weinig tyd om God, deur die Skrif, aan die woord te laat kom (1 Pet 4:11). Die presbiters se algemene Skrifkennis en -toepassingsvermoë word daarom al skraler. Verder, omdat die moderne mens meestal ŉ hekel aan dogma, belydenisskrifte en kerkordes het, groei ŉ geslag op wat die belydenisfondament van die NT-kerk nie meer (goed) ken nie.

- Besluite sonder goeie Skriffundering vervreem lidmate van meerdere vergaderinge.

Hoe dan?

Ons kies vir die presbiteriale kerkregeringsvorm wat Christus voluit as hoof van sy kerk huldig. Geen kerkregeringstelsel waarborg egter ware Christusregering nie.

- Christusregering word alleen gewaarborg waar die leiers deur die Gees wederbaar is, en intens in liefde met mekaar en Christus leef.
- Alleen daar waar die Bybel in die harte van die leiers (en kerke) geskrywe is en as ingeboude rigsnoer dien.
- Alleen daar waar ootmoedig en nederig voor God gebuig en na sy wil gevra word.
- Alleen daar waar integriteit heers, wat soms beteken *ons weet nie*.
- Leiers en vergaderings ken ten dele en dit moet in hul besluite weerspieël word.
- Plaaslike kerke het die verantwoordelikheid om binne eie konteks en roeping so selfstandig moontlik te wees. Plaaslike gemeentes is immers volledig kerk van Christus.
- Enige kerkregeringstelsel het die geneigdheid om in die plaaslike kerk en kerkverband regeerstrukture, in plaas van dienskanale, te vestig. Dink byvoorbeeld aan die ou bekende uitspraak van kerkregkundiges: *Meerdere vergadering is daar om te **regeer***. Of die kerkraad is daar om te regeer (*dink aan die begrip **regeerouderlinge***, ipv dienende ouderlinge). Dit pas by die sondige mens om te wil heers .
- Die waarheid is: Meerdere vergadering (en kerkverband) is ŉ geskenk van God om plaaslike kerke te help bou en te laat groei. In meerdere vergadering kom kerke saam om hul onderlinge liefde te koester en die waarheid te laat gedy (Ef. 4:15,16) . Die teendeel vind dikwels plaas. Plaaslike kerke word sinloos versmoor en oorheers deur besluite van meerdere vergaderinge. Besluitjukke word kerke opgelê,en gewetens word gebind, waar God se stem nie helder en duidelik in die besluite gehoor word nie. Kom ons laat kerk doodgewoon ŉ organisme wees wat uit en tot Christus groei, en die wêreld tot seën wees. Die kerk is klaar gestruktureerd in Christus, die Gees en die Woord.
- So `ŉ benadering is deel van die presbiteriale kerkregeringstelsel volgens die kerkorde van Dordt (1618/19). Die Gereformeerde Kerke het met sy stigting in 1859 volledig hierby ingeval. Soms wil dit lyk asof die huidige de facto regeringstelsel van die Gereformeerde Kerke al hoe meer neig na `ŉ sentrale beheerstel met die Sinode as hoogste gesagsliggaam. Dit is `ŉ verkeerde begrip wat baie van die probleme wat ons tans in verhoudings binne ons kerkverband ervaar, ten grondslag het.

Klasie Heystek

UIT ALLE OORDE

GELDIGE GELOOFSBRIEWE VERLEEN SITTINGSREGTE BY KLASSISVERGADERINGS

Die Agtergrond
Gereformeerde Kerke met vroue-ouderlinge, beskou hulself oor die algemeen onlosmaaklik verbonde aan die ander Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, onderhou steeds die eenheid in kerkverband en ondersteun die Openlike Verklaring (OV) by klassisvergaderings heelhartig. Hierdie strewe gaan tans egter gebuk onder 'n spesifieke gewetensvoorbehoud en spanning ten opsigte van :

- ***Die besluit van die Buitengewone Algemene Sinode (BAS) 2016 waarvolgens 'n besluit van die Algemene Sinode (AS) 2009 gehandhaaf word, dat vrouelidmate nie as ouderlinge of predikante in die Gereformeerde Kerke mag dien nie.***

'n Tussentydse Probleem
Hierdie sinodebesluit kan eers weer by die eersvolgende Algemene Sinode van 2018 ter tafel gebring word vir heroorweging. Daar is geen sprake daarvan dat gemelde sinodebesluit bloot veronagsaam word nie. Om hierdie besluit - die resultaat van 30 jaar se navorsing, oorweging en beredenering – langs Skriftuurlike weg om te keer, blyk 'n formidabele taak te wees. Gemeentes met vroue-ouderlinge vaardig intussen gewoonweg en ter goeder trou verteenwoordigers af na klasses. Sodanige afvaardiging vind egter plaas voor daardie gemeentes gereed is om beswaarskrifte of beskrywingspunte oor vroue in die amp (VIDA) langs die kerklike weg aan te voor vir beoordeling. In hierdie tussentyd ondervind sulke gemeentes dat sittingregte van hulle afgevaardigdes hulle by sommige klassisvergaderings ontneem word.

Sittingsregte By Klassis Onder Skoot
Elders het ek ondersoek ingestel na die wyse waarop die Openbare Verklaring soms misbruik word om afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge, se sittingsregte te ontneem. Ek skenk hier aandag aan 'n tweede manier waarop moontlik wederregtelik by klassisvergaderings afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge van hul sittingsregte ontneem word. Die metode wat gebruik word, is om die geldige geloofsbriewe / kredensiebriewe van sulke afgevaardigdes onder verdenking te bring en met besware aan te val.

Sulke besware hou gewoonlik in dat die betrokke kredensiebrief 'n sogenaamde vals verklaring deur die afvaardigende kerkraad bevat, omdat hulle sou lieg oor hul gehoorsaamheid aan bogemelde sinodebesluit. Die kredensiebriewe met vals verklaring, so word aangevoer, is dermate ongeldig en verleen geen sittingsregte by die klassis nie. Of die bewoording daarvan gronde bied vir so 'n growwe aantyging, word hier verder ondersoek.

Afvaardiging Per Kredensiebrief
Ons bekende Kerkregskrywers beskou Art 33 KO as grondslag waarvolgens kerkrade verteenwoordigers na hulle onderskeie klasses. Afvaardiging geskied b van 'n behoorlik en korrek voltooide kredensiebrief w onderteken is deur die gevolmagtigde ondertekenaa namens die kerkraad. Volgens die voorgeskrewe kredensiebrief (Kerkordeboekie, 2015:114), is 'n kerk daarin soos volg aan die woord:

> *"Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk ..... het op sy vergadering van ..... die volgende broeders aangewys as gevolmagtigde afgevaardigdes na klassis ..... op ..... te .....*
> *Primus : ds.....*
> *Sekundus ds./oudl. .....*
> *Primus: oudl. .....*
> *Sekundus: oudl. .....*
>
> *Hierdie broeders ontvang hiermee las en volmag om namens die kerkraad volgens die Woord van God, die Formuliere van Eenheid en die aanvaarde kerkorde in alle sake wat op die Klassis sal voorkom, te help oordeel en besluit tot bloei van die kerke, tot uitbreiding van God se koninkryk en tot verheerliking van die Naam van die Here.*
> *Die kerkraad verbind hom om alle besluite van die Klassis wat nie met die genoemde reël in stryd is nie, as vas en bindend te beskou en dit getrou te help uitvoer en nalewe.*
> *Ons bid u die leiding van God se Woord en Gees toe.*
> *Namens die Kerkraad."*

Volmag
Eerstens verleen die kerkraad "las en volmag" aan afgevaardigdes om op 'n bepaalde wyse op te tree wanneer hulle die klassisvergadering waartoe afgevaardig word, bywoon. Afgevaardigdes se optrede moet gerig word deur die Skrif, Formuliere van Eenheid en die Kerkorde. Verder moet die afgevaardigdes hulle ten dienste stel om te help oordeel en om te help besluite neem

(Vervolg bls. 8)

tot bloei van die gemeentes, die uitbreiding van God se koninkryk en tot die verheerliking van Sy Naam.

Die kredensiebrief dien dus allereers as bewys dat afgevaardigdes wettig deur hulle kerkraad afgevaardig is en sodoende die afvaardigende kerkraad verteenwoordig. Die Roepende kerkraad (kerkraad wat die klassis oproep) moet kredensiebriewe deeglik nagaan vir hul geldigheid, want dit verleen volle deelname en sittingsregte by 'n meerdere vergadering. Geldigheid word hier beoordeel aan die sigbare korrektheid en volledigheid van 'n kredensiebrief.

Vermeende Valse Verklaring
Beswaarmakers voer aan dat afvaardigende kerkrade waar vroue ouderlinge dien, sonder meer 'n vals verklaring in hul geloofsbriewe aflê en sodoende daaraan sy geldigheid ontneem. Hulle veronderstel eenvoudig dat 'n afvaardigende gemeente se verbintenis (volgens die aangehaalde bewoording) om **alle besluite van die Klassis** as vas en bindend te beskou en te onderhou, beteken om ook **die sinodebesluit van 2016/ 2009** as vas en bindend te beskou en laasgenoemde te onderhou.

Die Valse Veronderstelling
Om bogenoemde aan te voer, is gewoon geforseerd en onlogies. Die KO maak juis voorsiening vir 'n kerklike weg waarlangs vorige besluite weer ter tafel gebring moet word (byvoorbeeld besluite waaraan nie onmiddellik gevolg gegee kan word nie, soos dié in verband met susters in die besondere dienste).

Besware wat ingebring word teen die kredensiebriewe van gemeentes met vroue-ouderlinge, op grond van "ongehoorsaamheid aan sinodebesluite" is nie alleen buite orde nie, maar 'n growwe misbruik van die KO. Soos Spoelstra in sy **Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering**, (1989:195) aantoon: *"Meerdere vergaderings regeer nie langs of oor die kerkrade in die gemeentes nie. In die federale opset van die gereformeerde kerkgemeenskap is dit ondenkbaar om te verwag dat 'n kerkraad wat sy roeping en selfstandigheid hoog skat, 'n besluit waarteen hy prinsipiële besware koester vir 'n jaar of meer moet nakom totdat 'n volgende meerdere vergadering saamkom*."

Waartoe Verbind Die Kerkraad Hom In Sy Kredensiebrief?
Deur die volmag van 'n kredensiebrief aan sy afgevaardigdes, verbind 'n afvaardigende kerkraad hom letterlik tot gehoorsaamheid aan **alle besluite van die klassis.** By afvaardiging na 'n streeksinode sal die bewoording dienooreenkomstig verander sodat gehoorsaamheid aan besluite van die streeksinode belowe word. Wat behels gehoorsaamheid aan alle besluite van die klassis dan? Op die letter af lyk dit in elk geval of die Sinodebesluit van 2009 in verband met VIDA, **nie as 'n klassisbesluit kan deurgaan nie.** Die veronderstelling waarvan bogenoemde besware en verdagmakery van kredensiebriewe uitgaan, is dus ooglopend onhoudbaar. Sulke beswaarmakers behoort buite orde gereël te word.

Dis duidelik dat 'n afvaardigende kerkraad hom hier verbind tot navolging van besluite wat geneem staan te word volgens die agenda van 'n klassisvergadering wat voor hande is. Bekende skrywers oor ons kerkreg het hulle al hieroor uitgelaat. *"Geloofsbriewe is vertrouensbriewe wat getuig dat die draer daarvan wettig gestuur is. Tweedens omskryf dit presies wat die mandaat of bevoegdheid van die draer is en in hoeverre die sender hom deur die afgevaardigde laat verteenwoordig en gebonde ag"(Spoelstra 1989:195). Soos die prokurasie van 'n prokureur, kan 'n afgevaardigde na 'n klassisvergadering sy sender "net so ver verbind as wat die geloofsbrief hom daartoe magtig"* (Kruger1967:209). Dít is die doel van die onderneming wat 'n afvaardigende kerkraad gee: "*Die ... (afvaardigende vergadering) verbind hom om alle besluite van die ... (**vergadering waarheen afgevaardig is**) as vas en bindend te beskou en dit getrou te help uitvoer en nalewe*." (my beklemtoning; Visser, 2006: 31, 132, 141, 142).

Die kredensiebrief, in sy samehang met die KO, verleen beslis geen steun aan 'n sensuurmag of tugreg van klasses oor gemeentes nie. Tog moet daar baie versigtig geoordeel word oor klasses se handelinge teenoor gemeentes met vroue-ouderlinge. . Die klasses bied die eerste vlak van kerkregering in die GKSA wat 'n gemeente tot orde moet roep wat opstandig sinodebesluite ignoreer. Maar dit bied juis ook die eerste toegang tot die kerklike weg waarlangs gemeentes met vroue-ouderlinge die

(Vervolg op bls. 10)

sinodebesluit van 2009 weer ter tafel kan bring.

Hoe moet hierdie twee funksies van klassisvergaderings bereik word teenoor gemeentes aan wie sittingsreg by hul klasses, soos hierbo beskryf, ontneem word? Dit lê byvoorbeeld juis op die weg van laasgenoemde gemeentes om advies ingevolge Art 41 KO van die klasses te bekom. Dié advies moet help om 'n bepaalde risiko te bestuur. Dit is die risiko dat kerkrade met vroue-ouderlinge van hul sittingsregte ontneem mag word by 'n klassis. Die risiko bestaan in die tydperk waarin so 'n gemeente nog nie gereed is met hul voorbereiding om hul saak weer by die Algemene Sinode van 2018 ter tafel te bring nie. Hoe gemaak, as die afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge se kredensiebriewe uit die staanspoor verdag gemaak word, sodat hulle nie mag deelneem aan die verrigtinge van hul klassis nie?

Geen Summiere Senssuurreg

Die KO dui net een pad aan vir tug, vermaning en sensuur (veral in hierdie geval van gewetensbesware oor 'n besluit wat nie 'n belydenissaak is nie en wat nie kerklike dogma daarstel nie), naamlik die liefdespad van geduldige gesprek, dra van mekaar se laste, vermaning en onderskraging langs die Bybelse weg van Mattheus 18. Die weg wat Klassis Pretoria-Moot (19 April 2016) ingeslaan het om die saak van VIDA tot ruste te bring deur gemeentes met vroue-ouderlinge buite die kerkverband te ag, lyk beslis na alles behalwe die liefdesweg.

Slot

Kerkrade wat tans ernstig oorweging daaraan skenk om die bogemelde sinodebesluit weer ter tafel te bring, maak hulle geensins daardeur skuldig aan valse verklarings wanneer hulle kredensiebriewe uitreik nie. Die verbeuring van sittingsreg by klasses op grond van bogemelde besware teen afgevaardigdes se kredensiebriewe is wederregtelik, strydig met die gees en inhoud van die KO, liefdeloos en doen groot skade aan die Kerk, die liggaam van Christus.

Bronnelys

- **Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**, CJBF 2015.
- Kruger LS et al, 1966. **Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom,** Pro Rege Pers Beperk.
- Spoelstra B, 1989. **Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde.** Hammanskraal, Hammanskraalse Teologies skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Visser J, 2006. **Die Kerkorde in Praktyk**. Queenswood, Die Boekuitgewers

Hans Malan

GESPREKSFORUM 2
UITNODIGING

Alle lidmate word hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan **Gespreksforum no. 2**

Saterdag 25 Maart 2017 om 08h00 – 16h00 by die

Kerkgebou van Gereformeerde Kerk Meyerspark

H/v Emmarentia en Nicolettestraat Meyerspark Pretoria

TEMA:
IMPLIKASIES VAN EENHEID, EENDERSHEID EN VERSKEIDENHEID BY SINODE BESLUITE
Voorbereiding vir die Sinode vergadering van Januarie 2018

1. **Oopgesprek:**
   i. Lê jy laag of is jy bereid om op te staan vir dit wat jy met oortuiging glo?
   ii. Die verryking wat ervaar word deur kerkrade wat vroue as ouderlinge en diakens verkies het.
   iii. Onderskeiding tussen wesentlike of nie-wesentlike sake
   iv. Enige ander bykomende onderwerpe wat gespreksgenote as belangrik ag.

2. **Terugvoering en bespreking van opdragte van Gespreksforum 1**:
   Tydens **Gespreksforum 1** is twee werksgroepe aangewys om verder te beraadslag met die doel om o.a. konsep dokumente op te stel wat aan die hart lê aan dit wat ons met oortuiging glo en wat in teenstelling is met die besluit wat deur die sinode van 2016 geneem is. Die dokumente wat dus ter tafel gelê word is:

   i. Revisie van Sinodebesluite o.a. met verwysing na die geloofwaardigheid van die besluitnemingsprosesse van die Sinode (veral KO-sake), soos uitgekristalliseer in die besluit oor vroue in kerklike ampte, in 2016.
   ii. Die kwessie van Eenheid-Verskeidenheid-Eendersheid in die Gereformeerde Kerkverband en die wyse hoe dit in ons verstaan en ervaar van mekaar gestalte kan kry.

3. **'n Konsepbrief ter bespreking :** Opgestel om die benadering en beweringe van Klassis Pretoria Moot in hul brief aan die kerkverband, in perspektief te stel vir moontlike gebruik deur kerkrade.

4. **Kommunikasie platvorm** – Terugvoering oor die werksaamhede en opwinding van die "**GESELSBRIEF"**

Stuur jou onderwerp vir die **Oopgesprek** met aanvullende dokumentasie as jy dit nodig vind, aan : Gespreksforum@gkwapadrant.co.za, om ons te bereik teen Maandag 13 Maart 2017 sodat dit betyds is vir die opstel van die Agenda vir die Gespreksforum.

Rasionaal vir die bespreking van die drie dokumente:
Die idee met die bespreking van die drie dokumente is om, nadat ons as Gespreksforum insette op die konsepte gelewer het, elke plaaslike Kerkraad dit dan na goeddunke kan benut om via hul onderskeie klasses en streeksinodes, die betrokke saak op die Sinode se agenda te kry.

Ons beplan dan ook om aan Kerkrade wat nie die Gespreksforum kan bywoon nie, op versoek 'n kopie van een of al drie dokumente aan te stuur om te gebruik soos nodig.

Hou ook ingedagte dat die Gespreksforum so geskeduleer is, dat daar voldoende tyd is na die Forum vir die onderskeie Kerkrade om te besluit of hulle van die dokumente wil benut om via die rondte klasses van April, 2017, en die daaropvolgende rondte Streekssinodes, betyds te wees vir die sperdatum vir voorlegging aan die Sinode van 2018. Voorleggings vir die betrokke Sinode moet teen 30 Junie 2017 in Afrikaans en Engels ingehandig word om opgeneem te kan word in die Sinode se agenda.

Formaliteite
Laat weet asb. teen Maandagmiddag 13 Maart 2017 indien jy kan kom sodat ons naamplaatjies kan regkry. Dit gee ons ook die nodige tyd sodat ons kan voorberei vir verversings en `'n ligte middagete. Stuur jou naam asook die ander name van lidmate as julle as `'n groep kom, per epos aan Gespreksforum@wapadrant.co.za.

Ons beplan ook om die drie dokumente wat ons gaan bespreek teen Vrydag 17 Maart 2017 aan jou te stuur indien jy laat weet het dat jy **Gespreksforum 2** gaan bywoon. Die **Gespreksforum 2** se finale agenda sal op 22 Maart aangestuur word.

Ons sien uit daarna om jou om 08:00, 25 Maart, te verwelkom by die Gereformeerde Kerk Meyerspark en glo en vertrou dat dit 'n geseënde gesprekgeleentheid sal wees.

Mooi loop in Christus,
Theuns Erasmus
Sameroeper